


08 KONINKRYKSTYD

Jaargang 24 | 29 Mei 2026

VR Y P O S

LOER | LEES | LUISTER | LEER





Celicia McLean

REDAKTEUR

BYDRAES EN NAVRAE

voor 12:00 Dinsdae na
cmclean@ngkvs.co.za

*Lig in die duisternis,
hier vir God, mekaar en die wêreld*

FOTO'S

Canva | Unsplash | Flickr | Pexels
Pixton | *Tensy anders vermeld*

ARTIKELSKRYWERS

Suzanne van der Merwe | Mariëtte Odendaal -
Louwrens & Gerda Scheepers | Mariëtte
Odendaal - Yoshitsugu Onishi | Enrico
Casaleggio | Andries Gous | Wouter van Velden
Mariëtte Odendaal - Tertius Botha
Leon M Foot | CLF | Kerkbode | Bybel-Media
Engo | Bybelgenootskap SA

KONINKRYKSTYD

Koninkrykstyl breek net ná Pinksterfees aan en strek tot net voor Adventstyl. In hierdie seisoen word God se koninklike heerskappy en handeling in elke faset van ons lewe en in die wêreld op baie maniere en met verskeie geleenthede gevier. Met Epifanie-, Paas- en Pinksterfees en die seisoene wat daarmee saamval, is ons herinner aan alles wat God ons skenk en het ons dit gevier. Gedurende Koninkrykstyl sit ons hierdie vierings voort en bely ons dat God nie net Koning is van dié wat in Hom glo nie, maar oor die ganse mensdom en skepping regeer. (@vars.com)

DAGBOEK DÍT



VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van VRYPOS sal op **Vrydag 5 Junie** verskyn. Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

INHOUD

VRYPOS-FOKUS 03

BEDIENINGSBEGELEIDING | VBO Netwerk
Suzanne van der Merwe | *Kroniese Kronieke - narratiewe van 'n nuwe normaal: Wanneer broosheid en deernis ontmoet, ontvlam hoop*

ARTIKELS 05

- 05 | **BEDIENINGSBEGELEIDING** | VBO Netwerk
Mariëtte Odendaal - Louwrens en Gerda Scheepers | *Wegkomkans vir paartjies - 'n onontbeerlike belegging in jul verhouding*
- 07 | **VENNOTE IN GETUIENIS** | Missie Japan, RCJ
Mariëtte Odendaal - Yoshitsugu Onishi | *Japanner verwerf PhD in Bloemfontein*
- 08 | **VENNOTE IN GETUIENIS** | Islam Getuienisaksie
Enrico Casaleggio | *Die wit gewade van Mekka: Begrip van die Hadj teen die Lig van die Evangelie*
- 09 | **VENNOTE IN GETUIENIS** | DEGNOS
Andries Gous | *DEGNOS-dinge*
- 11 | **VENNOTE IN GETUIENIS** | Kopanong Studentebediening
Wouter van Velden | *"Inreach" 2026 - Omgekeerde rolle, volop seën*
- 12 | **ONDERSTEUNING** | Administrasie en Inligting
Mariëtte Odendaal - Tertius Botha | *Skriba-opleiding – van kardinale belang vir effektiewer gemeente-administrasie*
- 13 | **ALGEMEEN** | Engo-mediaverklarings
"Go TURQUOISE for the elderly" | *Bewusmaking vir ons Ouer Generasie*

MEDIATEEK 19

Leon M Foot | *Kom, lees*

- Willem de Klerk | **Die vreemde God en sy mense (1998)**
- Ross Douthat | **Bad religion: How we became a nation of heretics (2012)**

VERJAARSDAE 21

EKOLOGIE 22

Mariëtte Odendaal | *Ons vier Biologiese Diversiteit*

AKTUEEL | ALGEMEEN 23

- 23 | Noodleniging vir die Wes- en Suid-Kaap
- 25 | Projek WinterHoop
- 26 | Advertensies

OPLEIDING 28

KERKBODE BROKKIES 29

PUBLIKASIES 30

WAT'S NUUS? 31

KALENDER

VAKATURES/AFLOSLYS


PREDIKANTENUUS

'N LAASTE GEDAGTE 33

'n Stroom Lewende Water | *'n Gebed vir die Bothaville Sinode 2026*

KONTAK ONS 34

VRYPOS-FOKUS



Kroniese Kronieke *narratiewe van 'n nuwe normaal*



BEDIENINGSBEGELEIDING
VBO Netwerk
Dr Suzanne van der Merwe

Wanneer broosheid en deernis ontmoet, ontvlam hoop

Hierdie artikel spruit voort uit **Kroniese Kronieke** se voortgaande navorsing oor die persoonlike ervaring van kroniese siekte, met die fokus op selfbestuur, versorger-ondersteuning, professionele begeleiding en die werks- en gemeenskapsruimtes waarin mense met kroniese siektes leef. Vanuit 'n waardegedrewe raamwerk wat ook binne geloofskringe aanklank vind, word wetenskaplike insigte en persoonlike verhale met mekaar in gesprek gebring.

Dr Suzanne van der Merwe

Besigheidshoof en Woordvoerder: Kroniese Kronieke

*Jou reis met **kroniese siekte** is ons prioriteit*

Intermezzo

Broosheid en deernis is twee begrippe wat dr Van der Merwe tydens *Maskerade 2026 – 'n Simfonie van Eerlikheid en Hoop* uitgelig het en dit vorm 'n natuurlike *intermezzo* ná die vorige drie artikels wat in *Vrypos*-uitgawes verskyn het, naamlik *Narratiewe van 'n nuwe normaal* met *rumatoïede auto-immuunsiekte (ROS)*, *Inflammatoriese dermsiekte (IDS)* en *Diabetes mellitus (DMT-1)*.

Lees meer >>



God roep JOU ...

07-09
AUGUSTUS | Menuha



Met ons aanbieder van *Stillepolis, VBO Netwerk*

Ds Louwrens Scheepers

Besprekings

Marietjie van der Merwe

076 113 9601

vrouelidmate@gmail.com

vb
VROUEBEDIENING

 **NG Kerk**
Vrystaat

ARTIKELS

UIT DIE SINODE

Foto: Ontbyt-kuiers - "Couples Retreat", Stillepolis (verskaf)



BEDIENINGSBEGELEIDING
Gerontologie Netwerk
Mariëtte Odendaal



“In ’n wêreld waar werk, kinders, verantwoordelikhede en voortdurende druk mense maklik kan laat verval in ’n patroon van bloot net saam te funksioneer, het ons gevoel daar is ’n behoefte daaraan om stadiger te leef, dieper te luister en doelbewuste teenwoordigheid te ervaar.”

Louwrens en Gerda Scheepers

Aanbieders: *Couples Retreat*, Philippolis

Wegkomkans vir paartjies

’n onontbeerlike belegging in jul verhouding

Die lewe gaan eintlik net oor gesonde verhoudings; iets waarvan die waarde dikwels onderskat word. Die huwelik is sekerlik een van die belangrikste verhoudings waaraan daaglik hard gewerk moet word. Dit is die ruimte waarin ’n gesin hul lewe leef; die plek waar uitdagings en verskille op ’n volwasse manier uitgesorteer moet word, morele besluite geneem en bedagsaamheid uitgeleef moet word.

Dit is nie net vir paartjies van groot belang nie, maar veral ook vir gesinne waar die gesonde verhouding tussen ouers vir hul kinders van onskatbare waarde in hul vormingsjare is.

Hierdie kernverhouding tussen paartjies verdien dus voortdurende aandag, leiding waar nodig en wegkomkane om weer ’n slag regtig by mekaar te kan uitkom. As jy dus al drie hierdie elemente op een slag kan ervaar, is dit ’n bonus. Daarom was dit van groot belang toe ds Louwrens Scheepers en sy vrou, Gerda, onlangs so ’n *Couples Retreat* as deel van hul **Stillepolis-inisiatief** op Philippolis aangebied het.

Ons het meer daaroor by hulle gaan uitvind.

Louwrens en Gerda, wat het julle gemotiveer om ’n *Couples Retreat* aan te bied?

“Ons het raakgesien hoe baie paartjies eintlik moeg en oorlaai leef. Selfs goeie verhoudings kan stadig in roetine, spanning en onverwerkte emosies begin vasval.



Lees meer >>

Stillepolis



STAP IN STILTE. RUS IN SY VREDE.

*Stap in stilte
na 'n plek van stilte...*



Stillepolis Winter Retraite:

14 - 17 Junie 2026



Innerlike vrede
Verbind met die natuur
Rus vir jou siel

Stillepolis Lente Retraite



20 - 25 September 2026



Kom vir 2 tot 5 nagte – dit is jou keuse!



Bring jou stapskoene vir die
22km na plaasbestemming op die eerste dag

Bespreek by: |  www.stillepolis.com

 Navrae: WhatsApp 072 115 0057

ARTIKELS

UIT DIE SINODE



VENNOTE IN GETUIENIS
Missie Japan, RCJ
Mariëtte Odendaal



Japanner verwerf PhD in Bloemfontein

Die idioom “bloed is dikker as water” ken ons al van skooldae af; woorde wat mooi vasvat hoe heg die band tussen familie is – dat lojaliteit aan jou familie verbasend sterk is. As hierdie band dan boonop deur gelowiges in Jesus Christus gevorm is, kry dit soveel meer betekenis.

As jy hoor dat ons NG Kerkfamilie se bande tot in die Verre Ooste strek, raak dit jou diep. Om te dink jy kan in die reuse stad Tokio stap en by ’n gereformeerde kerk ingaan en voel jy is tuis – dis alles te danke aan sendelinge soos onder andere Tobie en Annalie de Wet wat hul lewens in diens van **Missie Japan** in vennootskap met die **RCJ** (*Reformed Church in Japan*) gewy het.

“Dit kom maklik voor asof die Ou Testament irrelevant ten opsigte van ons huidige uitdagings is, maar deeglike bestudering van die tekste kan aan ons as hedendaagse Christene ’n diepgaande begrip van moderne probleme gee en vir ons betekenisvolle insig bied.”

Dr Yoshitsugu Onishi
Reformed Church in Japan

Wat dit nog meer besonders maak, is dat die teoloë van die RCJ dikwels hul nagraadse studies aan die **UvS** (Universiteit van die Vrystaat) in samewerking met **Vennote in Getuienis** van die NG Kerk Vrystaat doen. Een van hulle wat in April sy doktorsgraad in Bloemfontein ontvang het, was dr Yoshitsugu Onishi.

Ons het met hom gaan gesels om meer uit te vind oor hoe sy pad tot in die Vrystaat geloop het. Met die intrapslag vra hy dat ek hom sommer net Yoshi noem.

Foto's: Verskaf deur dr Yoshitsugu Onishi.



Lees meer >>





ISLAM



Die wit gewade van Mekka: Begrip van die Hadj teen die Lig van die Evangelie

In laat Mei 2026 vind een van die grootste menslike byeenkomste op aarde plaas. Meer as twee miljoen Moslem-pelgrims van alle uithoeke van die wêreld sal in hulle heilige stad Mekka, Saoedi-Arabië, saamtrek vir die jaarlikse Hadj-pelgrimstog. Hierdie massiewe gebeurtenis, wat van **25 tot 30 Mei 2026** plaasvind, is 'n fundamentele, verpligte geestelike plig vir elke gesonde Moslem wat dit kan bekostig. Vir Christene behoort hierdie vertoon van toewyding nie vrees of verwerping te ontlok nie. Dit bied juis 'n uitsonderlike geleentheid om ons Moslem-naastes beter te verstaan en die unieke, pragtige hoop van die Christelike Evangelie te deel.

Om gedurende hierdie seisoen sinvol met Moslems in gesprek te tree, moet Christene verstaan wat die Hadj werklik verteenwoordig. Die Hadj is die vyfde pilaar van Islam. Dit is 'n hoogs gestruktureerde, vyf dae lange reis gevul met diep simboliese, eeue-oue rituele wat veronderstel is om die siel te reinig en die gelowige se verhouding met Allah te herstel.

Die pelgrimstog is gebou rondom 'n paar belangrike mylpale:

- **Die Ihram (Staat van Reinheid):** Voordat hulle Mekka binnegaan, trek pelgrims hulle alledaagse klere uit en trek die *Ihram* aan — twee eenvoudige, naatlose wit lakens. Hierdie gewaad stroop alle tekens van rykdom, sosiale status en nasionaliteit weg, sodat alle pelgrims as volkome gelyk voor God staan.

- **Die Tawaf (Omsirkeling):** Pelgrims gaan die Groot Moskee binne om die *Tawaf* uit te voer. Hulle loop sewe keer antikloks-gewys om die Kaäba, die swart kubus-vormige struktuur wat, so glo Moslems, oorspronklik deur Ibrahim (Abraham) gebou is.
- **Die Dag van Arafah:** Op **26 Mei 2026** vergader pelgrims op die vlaktes van die berg Arafat. Dit is die geestelike hoogtepunt van die Hadj, waar pelgrims die hele dag in intense gebed deurbring. Hulle huil en pleit vir die vergifnis van hulle sondes.
- **Eid al-Adha (Offerfees):** Vanaf **27 Mei 2026** sluit die wêreldwye Moslem-gemeenskap by die pelgrims aan om Eid al-Adha te vier. Hierdie fees herdenk Ibrahim (Abraham) se absolute bereidwilligheid om sy seun in gehoorsaamheid aan Allah te offer, voordat Allah 'n ram as plaasvervanger voorsien het.

Gedurende hierdie veeleisende dae is die oorheersende dryfveer vir die pelgrim die strewe na reiniging, barmhartigheid en die stelselmatige uitwissing van 'n leeftyd se sonde.

Die evangelistiese brug: Die geskenk van beloofde sekerheid

Hierdie intense soeke na vergifnis is presies waar die opvoedkundige werklikheid van die Hadj die deur oopmaak na die kern van die Christelike geloof. Die toegewydheid van 'n Moslem-pelgrim is roerend, tog beklemtoon dit 'n ingrypende teologiese kontras.

'n Reeks Islam-artikels. Hier is 'n artikel oor die "Pelgrimstog-seisoen" van Moslems, wat plaasvind in die laaste helfte van Mei. Ons is dus nou in daardie tyd. Die vraag is ook hoe ons as Christene hierdie spesifieke tyd kan benut om die Evangelie met Moslems te deel.

Lees meer >>

ARTIKELS

UIT DIE SINODE



VENNOTE IN GETUIENIS
DEGNOS
Andries Gous



DEGNOS-dinge

Liewe vriende van DEGNOS

DEGNOS-bediening getuig van God se trou te midde van uitdagings en hoop

“Loof die Here, want Hy is goed; loof sy Heilige Naam!” Hierdie woorde het die afgelope weke opnuut betekenis gekry binne die bediening van DEGNOS in Namibië. Tussen uitdagings, siekte, opleiding, jeugbediening en uitreike deur, het die Here se hand sigbaar gebly waar Sy mense met geloof en volharding dien.

Ds Regina se geloofspad raak harte aan

Die pad saam met ds Regina en haar familie bly 'n emosionele- en geloofsreis vir almal wat saam bid en ondersteun. Regina is met gevorderde kanker gediagnoseer wat reeds wyd versprei het. Ná aanvanklike planne om haar vanaf Windhoek terug na Grootfontein oor te plaas, het dokters besluit om nog prosedures in Windhoek te probeer.

Later is sy terug vervoer na haar huis op die plaas Henta, waar sy omring word deur haar familie se liefde en sorg. Psalm 139 het besondere betekenis gekry tydens besoeke aan haar hospitaalbed: “Of ek reis en of ek oorbly, U bepaal dit, U is met al my paaie goed bekend.” Die oproep tot volgehoue gebed vir ds Regina, haar familie én die gemeente op Henta bly sterk.


In hierdie tyd het ds Poppie groot dele van Regina se bediening oorgeneem. Hierdie rolverandering vra groot aanpassings van haar en haar gesin, en daar word ook vir hulle voorbedding gevra.

Uitreike bring mense tot bekering

DEGNOS se uitreikbediening het die afgelope weke mooi vrug gedra. Saam met studente van NETS het ds Poppie en broer Isak op Tsintsabis van huis tot huis die evangelie gedeel. Volgens terugvoer het verskeie mense tydens hierdie besoeke tot bekering gekom. Daar is ook besoeke aan Bravo gebring.

Lees meer >>

Barend Wessels Gedenksentrum



MEENTHUISE TE HUUR

Barend Wessels Gedenksentrum is 'n behuisingskompleks in Bloemfontein wat uit meenthuise bestaan en is sentraal geleë naby winkelsentrums. Dié meenthuis-kompleks is nie 'n aftree-oord nie en ook nie diere-vriendelik nie.

HUURBEDRAG

R8,380 / MAAND

MEENTHUIS SE LIGGING

NP van Wyk Louwstraat,
Langenhovenpark, BFN, 9301

KENMERKE



2 Slaapkamers



1 Badkamer



1 Motorhuis



110 m²

ARTIKELS

UIT DIE SINODE

VENNOTE IN GETUIENIS
Kopanong Studentebediening
Ds Wouter van Velden



Foto's: Verskaf deur ds Wouter van Velden.



***Inreach* 2026**

Omgekeerde rolle, volop seën

Baie van ons in die NG Kerk is bekend met uitreike, hetsy plaaslik of verder van die huis af. Verskeie van ons het goeie herinneringe aan uitreike tydens ons studiejare, toe ons saam met studentegemeentes na ander plekke in die land, en selfs oor die grense van die land gegaan het.

Wat gebeur egter as die rolle omgekeer word en ons nie die besoekers op 'n "ander" plek is nie, maar die gashere plaaslik? Iets daarvan is beleef tydens die "Inreach" van 30 April tot 4 Mei vanjaar, toe jongmense van Lesotho en Botswana vir studente hier in Bloemfontein kom kuier het. Die idee het ontstaan ná verlede jaar se "Waypoint"[1] uitreike na Lesotho en Botswana, toe die jongmense daar genoem het dit sal vir hulle lekker wees as hulle ook by ons in Suid-Afrika kan kom kuier. Vandaar die naam "Inreach" (teenoor "Outreach").

Die nodige reëlings is getref en die drie groepe jongmense van SA, Botswana en Lesotho het die langnaweek saam deurgebring by Mooigenoeg-kampterrein. Van Suid-Afrikaanse kant was verskeie van die huidige teologiese studente betrokke, sowel as 'n paar studente van Kopanong Studentebediening.

Die interaktiewe program het bestaan uit toerustingseleenthede, besoeke en deelname aan 'n gemeenskapsuitreik, eredienste wat saam bygewoon is, en natuurlik ook lekker saam kuier.

Vrydagoggend was ysbrekers en kenmekaar aan die beurt, gevolg deur 'n werkswinkel oor kultuur: wat is kultuur, hoe hanteer 'n mens kultuurskok, en die Saterdag oor sinvolle bakens vir kruiskulturele kommunikasie – temas wat juis sentraal staan wanneer mense oor grense heen mekaar ontmoet. Saterdag is daar ook besoek afgelê by Jimmy Roos Skool. Speletjies is saam met die jong manne gespeel en hulle is in groepe verdeel om, onder leiding van "Inreach" spanlede, 'n toneel uit die Bybel op te voer, met die ander groepe wat moes raai watter toneel opgevoer word.

Lees meer >>



Skriba- opleiding

van kardinale
belang vir **effektiewer**
gemeente-administrasie



“Tydens die sessies leer hulle (die skribas) mekaar ook ken en skep ’n netwerk van ondersteuning sodat hulle by mekaar om hulp kan aanklop. Dit maak ook die kommunikasiekanaal tussen die gemeentes en die sinodale kantoor oop.”

Tertius Botha

**Bestuurder: Administrasie en Inligting
NG Kerk Vrystaat**

As lidmate is ons dikwels nie bewus van al die werk wat agter die skerms deur ons gemeentes se skribas gedoen word nie. Ons weet ook nie altyd hoe dikwels daar kommunikasie tussen ons gemeentes en die sinodale kantoor moet plaasvind om ons gemeente se wiele geolie te hou nie.

Om te verseker dat ons skribas optimaal opgelei en ingelig word, word daar gereeld skriba-opleidingskursusse aangebied, soos nou onlangs weer.

Ons het meer daarvoor gaan uitvind, maar wou eers meer weet van die persoon verantwoordelik vir hierdie opleiding, naamlik Tertius Botha, Sinode Vrystaat se bestuurder van administrasie en inligting.

Tertius, wat behels jou posomskrywing vir Sinode Vrystaat alles?

“Alle personeel wat administratiewe dienste aan ons bediening lewer, val onder my toesig.

Dit sluit in die bediening van Visionering (Taakspan Vrouebediening), Bedieningsbegeleiding, Teologiese Opleiding, Diens van Barmhartigheid, Vennote in Getuienis en Ondersteuning. “Ek hanteer ook alles rakende die studentebeurse, naamlik aansoeke, toekennings en uitbetalings. “Dan is ek ook verantwoordelik vir die administrasie van die mediese fonds, begrafnisdekking en Admed-gapingdekkingkemas. “Ek moet ook sorg dat die rekenaars en die netwerk in die kantoor funksioneer en dat die databasis onderhou word. “Die Argiefdiens val ook onder my toesig en vandaar word die skriba-opleiding aangebied.”

As ons op die Skriba-opleidingsgedeelte fokus, wat sou jy sê is die motivering vir hierdie opleiding in die algemeen?

“Die grootste motivering hiervoor is die oordrag van inligting. Ons het bewus geraak daarvan dat skribas nie altyd op hoogte is van hoe dinge in die sinodale kantoor werk nie



Lees meer >>



“Go **TURQUOISE** for the elderly”

Bewusmaking vir ons Ouer Generasie

Mediaverklaring: Vrystelling op 12 Mei 2026

Foto: Canva



**Bloemfontein, Vrystaat –
Engo Bejaardesorg**
neem met trots deel aan die
“Go Turquoise for The Elderly”-
bewusmakingsveldtog,
’n Suid-Afrikaanse bewusma-
kingsinisiatief vanaf
15 Mei tot 15 Junie 2026.

Die projek fokus op die waardigheid, welstand en ondersteuning van bejaardes in ons gemeenskappe, terwyl dit ook bewusmaking skep rondom belangrike uitdagings wat ouer persone daaglik ervaar.

Gedurende die vier weke sal verskeie mediaverklarings en bewusmakingsinisiatiewe gedeel word rondom temas soos mishandeling van bejaardes, demensie, die keuse van ’n geskikte bejaardesorgsentrum en die bevordering van geestesgesondheid by ouer persone.

Gemeenskappe word aangemoedig om saam betrokke te raak, iets turkoois te dra soos ’n strikkie en ondersteuning vir ons ouer generasie te wys.

Saam kan ons ’n verskil maak!

Ondersteun enige van Engo se 20 Bejaardesorgsentrums in die Vrystaat en teken ’n debietorder, **Ondersteun Ons | Engo**, om ’n verskil in die lewens van ouer persone te maak.

Besoek ons webtuiste vir meer inligting

www.engo.co.za

Vir navrae of meer inligting,
kontak Engo-bemarking by

060 548 5543 of info@engo.co.za

Engo Vrystaat – Ewige hoop

Lees hier >>

Mishandeling van ouer mense: tipes en hoe om dit raak te sien

ARTIKEL 1

Mediaverklaring: Vrstelling op 19 Mei 2026

Mishandeling van ouer mense is 'n ernstige, maar dikwels versteekte probleem in gemeenskappe wêreldwyd. Ouer persone is dikwels afhanklik van ander vir fisiese sorg, emosionele ondersteuning of finansiële bestuur, wat hulle meer kwesbaar maak vir mishandeling. Hierdie mishandeling kan in verskeie vorme voorkom en word dikwels gepleeg deur persone wat die slagoffer ken en vertrou, soos familielede, versorgers of personeel by ouetehuse.

Tipes mishandeling van ouer mense

Fisiese mishandeling

Dit behels enige vorm van fisiese geweld soos slaan, stoot, skud, brand of die verkeerde gebruik van medikasie. Dit kan ook insluit dat 'n ouer persoon vasgebind of onnodig ingeperk word.

Emosionele of sielkundige mishandeling

Hierdie tipe mishandeling sluit dreigemente, uitskel, vernedering, intimidasie of isolasie van familie en vriende in. Dit kan diep emosionele skade veroorsaak en lei tot depressie, angs en 'n verlies aan selfwaarde.

Finansiële mishandeling

Dit gebeur wanneer iemand 'n ouer persoon se geld, eiendom of bates onwettig of sonder toestemming gebruik. Voorbeelde sluit in die steel van geld, die manipulasie van bankrekeninge of om 'n ouer persoon te dwing om dokumente te teken.

Verwaarlosing

Verwaarlosing ontstaan wanneer 'n versorger nie basiese behoeftes soos kos, water, higiëne, mediese sorg, medikasie of veilige behuising voorsien nie. Dit kan doelbewus of weens onkunde plaasvind.

Seksuele mishandeling

Alhoewel dit minder bespreek word, kom seksuele mishandeling ook by ouer mense voor. Dit behels enige ongewenste seksuele kontak of gedrag sonder toestemming.

Hoe om mishandeling by ouer mense raak te sien. Die tekens van mishandeling is nie altyd ooglopend nie, maar daar is waarskuwings-tekens waarna opgelet kan word:

- **Fisiese tekens:** Onverklaarbare kneusplekke, blou kolle, brandmerke, snye, gebreke bene of gereelde beserings.
- **Gedragsveranderinge:** Onttrekking, angs, vreesagtige gedrag, depressie of skielike persoonlikheidsveranderinge.
- **Finansiële tekens:** Onverwagte veranderinge in bankrekening, onbetaalde rekeninge of die verdwyning van besittings.
- **Leefomstandighede:** Swak higiëne, vuil klere, 'n gebrek aan kos of 'n onveilige leefomgewing.
- **Interaksie met versorgers:** Die ouer persoon lyk bang of stil in die teenwoordigheid van 'n spesifieke persoon, of die versorger weier om die ouer persoon alleen te laat praat.


Mishandeling van ouer mense is onaanvaarbaar en vereis aandag en optrede. Deur bewus te wees van die verskillende tipes mishandeling en die tekens daarvan, kan familie, vriende en gemeenskapslede help om vroeg in te gryp en ouer mense se waardigheid, veiligheid en welstand te beskerm. Indien mishandeling vermoed word, is dit belangrik om dit aan relevante owerhede of ondersteuningsdienste te rapporteer.

Vir navrae of meer inligting, kontak Engo-bemaking by info@engo.co.za of 060 548 5543. Besoek ons gerus by www.engo.co.za – Engo Vrystaat – Ewige hoop.


Lees hier >>

NUUT

op ons
rakke




R195



R195




R220



R195



R195



R280



shop.clf.co.za

021 873 6964

order@clf.co.za

Wat is Demensie en Alzheimers?

ARTIKEL 2

Mediaverklaring: Vrstelling op 25 Mei 2026

Demensie is 'n oorkoepelende term wat gebruik word om 'n groep neurokognitiewe siektes te beskryf wat geheue, denke, gedrag en die vermoë om alledaagse aktiwiteite uit te voer, beïnvloed. Demensie het meer as 100 moontlike oorsake, waarvan Alzheimer se siekte die mees algemene vorm is en ongeveer 60–70% van alle gevalle verteenwoordig. Hoewel demensie nie 'n normale deel van veroudering is nie, verhoog die risiko namate mense ouer word. Om die vroeë tekens te verstaan en te leer hoe om die risiko te verminder, kan individue en families help om die siekte meer doeltreffend te bestuur.

Wat is Demensie en Alzheimers?

Demensie ontstaan wanneer breinselle beskadig word, wat beïnvloed hoe die brein kommunikeer. Hierdie skade beïnvloed geheue, oordeel, taal en probleemoplossingsvermoë. Alzheimer se siekte veroorsaak spesifiek progressiewe veranderinge in die brein, insluitend die opbou van abnormale proteïene wat breinselle stadig vernietig. Die toestand vererger met verloop van tyd en beïnvloed uiteindelik basiese daaglikse funksionering.

Vroeë Tekens en Simptome

Vroeë tekens van Demensie en Alzheimer se siekte ontwikkel dikwels geleidelik en kan aanvanklik maklik verwar word met normale vergeetagtigheid. Hierdie simptome is egter gewoonlik aanhoudend en progressief. Algemene vroeë waarskuwingstekens sluit in:

- Geheueverlies wat die daaglikse lewe beïnvloed, soos om belangrike datums te vergeet of herhaaldelik dieselfde vrae te vra.
- Probleme met beplanning of probleemoplossing, byvoorbeeld om te sukkel om bekende resepte te volg of finansies te bestuur.
- Verwarring met tyd of plek, soos om datums deurmekaar te kry of in bekende omgewings te verdwaal.

- Taalprobleme, insluitend probleme om gesprekke te volg of daaraan deel te neem en om die regte woorde te vind.
- Swak oordeel, soos om onveilige besluite te neem of persoonlike higiëne af te skeep.
- Veranderinge in persoonlikheid of bui, insluitend verhoogde angs, depressie, geïrriteerdheid of sosiale onttrekking.

Vroeë diagnose is belangrik omdat dit beter beplanning, behandeling en ondersteuning moontlik maak.

Wenke om risiko te verminder of te help voorkom

Hoewel daar tans geen gewaarborgde manier is om demensie of Alzheimer se siekte te voorkom nie, toon navorsing dat sekere leefstylkeuses die risiko kan verminder of die aanvang daarvan kan vertraag:

Hou die brein aktief

Kognitiewe stimulasie help om breingesondheid te bevorder. Aktiwiteite soos lees, legkaarte, die aanleer van nuwe vaardighede, die speel van musiekinstrumente en deelname aan stokperdjies kan kognitiewe funksionering versterk.

Bly fisies aktief

Gereelde fisiese oefening verbeter bloedvloei na die brein en verminder die risiko van toestande wat tot demensie kan bydra, soos hoë bloeddruk, hoë cholesterol en diabetes. Stap, swem en ligte kragoefeninge is voordelig.

Eet 'n gesonde dieet

'n Gebalanseerde dieet ryk aan vrugte, groente, volgraanprodukte, vis en gesonde vette ondersteun breingesondheid. Diëte soos die Mediterreense dieet word verbind met 'n laer risiko vir demensie.

Lees meer >>



Kinderbeskermingsweek 2026

Werk saam om **geweld teen kinders** te beëindig

Mediaverklaring: Vrystelling op 27 Mei 2026

Foto: Canva



Nasionale Kinderbeskermingsweek vind vanjaar vanaf **29 Mei tot 5 Junie 2026** plaas. Hierdie jaarlikse bewusmakingsveldtog fokus daarop om kinders se regte te bevorder en gemeenskappe bewus te maak van die belangrikheid van kinderbeskerming in Suid-Afrika.

Kinderbeskermingsweek word reeds sedert 1997 aangebied en word hoofsaaklik deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, in samewerking met ander regeringsdepartemente, organisasies en instansies wat kinderbeskermingsdienste lewer, gedryf. In die Vrystaat sluit organisasies soos Engo, Childline Vrystaat en VVA by hierdie belangrike veldtog aan.

Die tema vir 2026 is:

***“Working together
in ending violence against children.”***

Gedurende Kinderbeskermingsweek word verskeie programme en aktiwiteite aangebied om bewustheid te skep oor geweld, mishandeling, misbruik en verwaarloosing van kinders.

Die week dien ook as 'n herinnering dat elke kind die reg het op veiligheid, beskerming en sorg soos uiteengesit in die Kinderwet (Wet 38 van 2005) en die Grondwet van Suid-Afrika.

